Publication: Burger (Kaap Stedelik)
Date: Tuesday, April 14, 2020
Page: 2

## ANDER LANDE VOLG NIE SA TRAJEK

# Zweli: Taai stryd kom

## 'Pandemie kan nie vermy word nie'

Llewellyn Prince

Suid-Afrika staan nou maar aan die begin van die stryd teen Covid-19 "en ons besef dit gaan 'n werklik taai stryd wees", sê dr. Zweli Mkhize, minister van gesondheid.

Hy het gisteraand in 'n inligtingsessie op TV gesê 438 815 mense in Suid-Afrika is reeds deur die siftingsproses geplaas. "Ons het 11 406 kontakte geïdentifiseer van mense wat positief getoets is."

Meer as 10 000 mense werk daaraan om dié wat in kontak was met mense wat positief getoets is, op te spoor, het Mkhize gesê. "Ons het bykomend 83 663 toetse gedoen. 21 000 is in die openbare sektor."

Gisteraand was daar 2 272 Covid-19-gevalle in die land, 99 meer as eergister, en 27 sterfgevalle ná nog twee sterftes.

Hy sê die een slagoffer was in die Wes-Kaap en het diabetes en hoë bloeddruk onder lede gehad. Die ander was in Gauteng en was 57 jaar oud, maar dis nog nie bekend of hy onderliggende siektes gehad het nie.

Prof. Salim Abdool Karim, wat die regeringsoptrede teen die virus lei, sê hulle het nou 'n duideliker begrip van die vroeë trajek van die virus.

"Vier maande gelede het ons nie eens van die virus geweet nie en tans is daar meer as 1,8 miljoen gevalle (wêreldwyd)."

Hy sê as daar na die tendens in Suid-Afrika gekyk word, is dit duidelik dat die land se opwaartse kurwe op 26 Maart verander het.

"Daar was 'n afname in getalle. Ons het toe 'n plato bereik… Ons was soos enige ander land op 'n trajek wat vinnig toegeneem het, totdat dit begin afneem het. Ons is nou op gemiddeld 60 gevalle per dag."

Hy sê die vraag is nou waarom Suid-Afrika nie ook op die verwagte pandemie-trajek is nie. Hy sê hy verkies om die situasie in Suid-Afrika met dié in Brittanje te vergelyk omdat hulle in die eerste twee weke ewe veel gevalle gehad het.

"Op 26 Maart (die dag waarop die staat van inperking ingestel is) het ons lyn skielik nie meer dieselfde opwaartse trajek as Brittanje s'n getoon nie.

"Namate die getalle afgeneem en stabiel geword het, het die lyn begin afplat. As ons na die Suid-Afrikaanse lyn kyk, is daar 'n plek waar dit skerp toeneem en dan weer begin afneem. As ons dit ook met Amerika, China, Italië ensovoorts vergelyk, het nie een land die verandering beleef wat ons ondervind het nie.

"As ons situasie met dié van Suid-Korea, Japan en Singapoer vergelyk word, is daar ook 'n verskil. Is dit omdat ons te min toets? Is dit omdat die meeste toetse in die private sektor gedoen word en ons nie sien wat die siekte in ons armer gebiede doen nie? Of is die afname werklik," het Karim gevra.

Hy het verwys na grafieke oor die toename in toetse wat in die openbare en private sektor gedoen is en gesê dit verminder die waarskynlikheid dat te min toetse gedoen word.

Karim sê reisigers wat positief getoets is, het die virus in die land versprei. Die mense in die tweede golf is die mense wat met reisigers kontak gehad het.

Die derde golf is die samelewing wat deur die reisigers en hul kontakte aangesteek het.

"Ons het massiewe groei in ons uitbreking verwag, maar dit het nie gebeur nie."

Hy sê as gemeenskapsinfeksie min is, sal die gevalle afneem. Dit is die sentrale gebied wat hulle wil bestuur. "Ons grootse kommer is hoëdigtheidsgebiede in Johannesburg, Kaapstad en Durban. As gemeenskapsinfeksie geweldig verhoog, sal ons dit in daardie drie gebiede begin sien."

Hy sê egter die "moeilike waarheid" is dat Suid-Afrika nie die pandemie kan vermy nie.

"10 000 besmette mense kan in vier of vyf dae 30 000 word en in nog vier of vyf dae 90 000."

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.